POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
✉ admin@sannies.co.za

Hoërskool Sand du Plessis

2020.08.05

Geagte Sanniesouers en leerders

HEROPENING VAN SKOLE VIR GR. 8-11
Die skool se aansoek by die Departement van Onderwys is goedgekeur om vroeër as die gepubliseerde datums van (24 en 31 Augustus) met gr. 8-11- leerders te mag begin. 'n Inspeksie van die skool se fasiliteite, voorsorgmaatreëls en prosesse om die verspreiding van die Covid-19 virus te beperk, is by die skool op 4 Augustus 2020 gedoen.

Die volgende datums is van kritiese belang:

- 11 Augustus 2020: Gr. 10-11- leerders keer terug na die skool en volg die huidige rooster saam met die gr. 12- leerders wat reeds op 3 Augustus teruggekeer het
- 14 Augustus: Gr. 8 (9:00) en Gr. 9: (10:00) meld aan vir 'n oriëntasie, ontvangs van maskers en roosters.
- 17 Augustus 2020: Gr. 8, 11 en 12- leerders meld aan vir Dag 1 van die nuwe 6-dagrooster.
- 18 Augustus 2020 : Gr 9, 10 en 12 leerders meld aan vir Dag 2 van die nuwe 6-dagrooster.

EKSAMENS EN ASSESSERING
Die gr 12- kurrikulum is glad nie verkort nie. Die aantal assesseringsgeleenthede is net verminder soos bv. die Junie-eksamen wat nie geskryf is nie. Die gr. 12-leerders sal in September 'n volledige eksamen skryf. Die finale rooster is nog nie van die Departement van Onderwys ontvang nie.

Die gr. 8-11- kurrikulums is wel aangepas en verkort. Leerders se promosie na die volgende graad sal bepaal word na aanleding van deurlopende assessering (80%) en 'n eindeksamen (20%) in die meeste vakke.

Dit is dus baie belangrik dat ALLE leerders elke dag skool moet bywoon. Die deurlopende assessering sluit onder andere PATS, toetse, take, prakties, mondeling en opstelle in.

VEILIGHEID VAN LEERDERS EN ONDERWYSERS BY DIE SKOOL
Die skool volg alle voorskrifte en protokolle om die skoolomgewing so veilig as moontlik te maak. Alle oppervlaktes soos bv. tafels en stoele word deur die leerders voor elke les gesaniteer asook na skool. Die dra van maskers en handhawing van sosiale afstand word te alle tye streng toegepas. Leerders wat simptome toon, word nie in die skool toegelaat nie. Slegs 50 % van lokale se kapasiteit word benut en pouses is op verskillende tye vir verskillende grade. Die einde van die skooldag verskil ook vir verskillende grade.

Vriendelike Sanniesgroete.

Willem du Buisson
Skoolhoof